# Resensies / Reviews


Snyman, Gerrie. 2007. **Om die Bybel anders te lees: ’n etiek van Bybellees.** Pretoria: Griffel Media.
(*H.J.M. van Deventer*) ........................................................ 155

Claassen, George. 2007. **Geloof, bygeloof en ander wensdenkery: perspektiewe op ontdekkings en irrasionaliteite.** Pretoria: Protea Boekhuis.
(*H. Goede*) ........................................................................ 159

Grobler, Jackie. 2007**. Uitdaging en antwoord: ’n vars perspektief op die evolusie van die Afrikaners.** Pretoria: Grourie Entrepreneurs.
(*K. du Pisani*) .................................................................... 162

Aurelius, Marcus. 2007**. Meditasies.** Pretoria: Protea Boekhuis.
(*F.P. Retief*) ...................................................................... 165

Jordaan, Tiaan. 2006. **Openbaring vandag: die boodskap agter die beelde.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*W.C. Vergeer*) .................................................................. 167

## Resensies

# Hoe lees jy die Bybel?

**Snyman, Gerrie.** 2007. **Om die Bybel anders te lees: ’n etiek van Bybellees.** Pretoria: Griffel Media. 196 p. Prys: R163,00.
ISBN: 978-0-9802556-6.

**Resensent**: H.J.M. van Deventer
Skool vir Basiese Wetenskappe,
Vaaldriehoekkampus, Noordwes-Universiteit

Prof. Gerrie Snyman, Ou-Testamentikus verbonde aan UNISA, hanteer met hierdie publikasie verskeie vrae wat in die gemoedere van kerklidmate leef. Die meeste lidmate is egter skrikkerig om hierdie vrae buite die beskermende grense van byvoorbeeld die Sondagmiddag-gesinsete te opper. Snyman is ’n simpatieke gids wat die leser konfronteer met sy/haar verlede en rol as Bybelleser. Sy dissekteermes sny diep om bepaalde probleme met ’n tradisionele manier van Bybellees te ontbloot. Die skrywer problematiseer egter nie net nie, maar doen ook konkrete alternatiewe aan die hand. Binne die Gereformeerde kring gaan hierdie alternatiewe nie by almal byval vind nie, maar dit vorm ten minste ’n grondige gespreksbasis vir verdere nadenke en debat.

Wat die voornemende leser opval wanneer hierdie netjiese publikasie ter hand geneem word, is dat dit veel swaarder voel as die pienk slapbandgeskriffies met gewaande godsdienstige inslag wat boekwinkels se rakke vol staan. Behalwe dat die uitgewer in hierdie opsig ’n pluimpie vir die gehalte en keurige versorging van die publikasie verdien, is dit ook simbolies van die teologiese gewig wat hierdie boek met sy treffende voorbladontwerp dra. Die skrywer het wel moeite gedoen om komplekse teologiese en ander wetenskaplike begrippe so aan te bied dat die boek vir enige belangstellende leser toeganklik is.

Die voorwoord tot die boek getuig van ’n persoonlike worsteling wat menige denkende persoon as ’n nuwe gemarginaliseerde in Suid-Afrika ervaar. Die skrywer meld dat sy kerklike tradisie hom nie in hierdie worsteling van antwoorde kon voorsien nie. Inteendeel, uit die lees van die boek blyk dit dat hierdie tradisie eerder die worsteling in sommige opsigte vererger het. Die inleidende hoofstuk, met sy dubbelsinnige opskrif, teken die probleemstelling in meer besonderhede: via ’n histories-filosofiese ondersoek na die tipies Westerse denkraamwerk waarbinne ons teologie beoefen, kom Snyman uit by ons verantwoordelikheid teenoor ander mense wanneer ons die Bybel lees.

’n Volgende hoofstuk spel in geen onseker terme nie uit waarom die Bybel anders as in die verlede gelees behoort te word. Die onreg wat mense binne ’n vorige politieke bestel aangedoen is (maar wat sommige Gereformeerdes skynbaar steeds probeer ontken – HJMvD) is geregverdig vanuit ’n bepaalde manier waarop die Bybel gelees en verstaan is. Hierdie verstaansmodel, wat gebou is op die filosofiese fondament van die positivisme (p. 31), word egter voorgehou as die vrug van die werk van die Heilige Gees (p. 30). Snyman skroom nie om die volle konsekwensie van sy gedagtegang op die tafel te plaas nie. Binne akademiese kontekste is dit presies hoe hierdie tipe sake aangepak word (of ten minste behoort aangepak te word). Of die gemiddelde Gereformeerde dominee of lidmaat genoegsaam toegerus is om hierdie sake uit so ’n hoek te beskou, sal maar gesien moet word.

Snyman wys vervolgens daarop dat aangesien ons nog nie bestek opgeneem het van die skade wat ons manier van Bybellees mense berokken het nie, ons bloot daarmee voortgaan om die Bybel vir ’n soortgelyke doel in onder andere die gay-debat in te span. Hy sien hierdie gebruik van die Bybel eerder gemotiveerd vanuit ’n subjektiewe heteroseksuele ideologie (p. 39). Waar hierdie subjektiwiteit nie erken word nie, lei dit juis daartoe dat aan die teks toegedig word wat eintlik in die leefwêreld van die leser bestaan en telkens sy/haar lees medebepaal. Om hierdie gevaarlike tendens te probeer verhoed, stel hy ’n etiek van lees voor (p. 59 e.v.) waarin die leser medeverantwoordelik is vir die gevolge wat sy/haar lees vir ander mense inhou en die Bybel nie as wapen vir eie gewin ingespan word nie (p. 67 e.v.). Met hierdie kern van die kwessie op die tafel, bespreek die skrywer vervolgens die probleem verbonde aan ’n sogenaamde letterlike verstaan van die teks en toon aan dat “[l]etterlike betekenis ... nie die sosiale inbedding van *taal* [kan] ontkom nie” (p. 93 – kursivering; HJMvD). Een van die redes wat

Snyman aanvoer waarom die Gereformeerde hermeneutiek nie hierdie betekenisaspek op die tafel wil neem nie, word in ’n volgende hoofstuk “Kanon en inspirasie” (p. 97 e.v.) gehanteer. Nadat Snyman (p. 97-102) die leser herinner het aan die komplekse proses van op skrifstelling en vasstelling van die kanon(s) hanteer hy die probleem van ’n bepaalde siening van inspirasie. Volgens Snyman groei die idee van organiese inspirasie voort uit die wortels van meganiese inspirasie, wat op sy beurt veranker is in die erfenis wat die Westerse beskawing aan niemand minder nie as Plato, te danke het (p. 107)! Snyman herhaal die oproep wat nog altyd in Gereformeerde kringe afgewys is, naamlik om te onderskei tussen inspirasie wat te make het met die “godsdienstige gesag van die teks, en nie met die manier hoe dit fisies tot stand gekom het nie” (p. 109). Dit bly egter ’n vraag of groter klem op die “historiese bewussyn” (p. 108), ’n begrip wat soos ’n refrein deur die boek opklink, noodwendig die nodige regstelling tot gevolg gaan hê. In die Afrikaanse kerklike konteks bestaan voorbeelde waar die konsekwente historiese verstaan van die teks steeds nie in die ontmaskering van ’n sosio-politieke ideologie kan meewerk nie.

Dit bring Snyman daarby uit om die saak van die “Bybel en mag” op die tafel te plaas (p. 111 e.v.) en te ondersoek hoe die Bybel gebruik kan word om monologiese deklarasies te maak wat vanweë ’n gebrekkige historiese bewussyn en ’n positivistiese wetenskapsbeskouing nie gekritiseer kan word nie. Sodoende kan ’n bepaalde (openbare of verborge) transkrip in stand gehou word. Snyman toon egter nie duidelik aan waarom ’n nuwe openbare transkrip noodwendig beter sou wees as ’n vorige nie. ’n Etiek van Bybellees ondersoek egter meer die effek wat die lees van die Bybel op ander mense sou hê (p. 123) en waaraan vervolgens ’n hoofstuk gewy word (p. 127 e.v.). Hier word gewys op die belang van ’n balans tussen “die teks, die lesers en diegene wat deur die lees beïnvloed gaan word” (p. 127). Die leser se verantwoordelikheid vind, op voetspoor van Levinas se werk, vergestalting in die “etiese moment” (p. 132) waarin hy/sy die “ander” (toehoorder) in sy/haar kwesbaarheid ontmoet en gedurig daarteen moet waak om “totaliserend” (p. 137) die “ander” te omvorm tot die eie norm en standaard.

Hierdie gedagte open die deur vir die idee van die “Bybelteks as ander” (p. 139) waarin die andersheid van die Bybel erken word. Slegs deur die Bybel so (“anders”) te lees kan ons *onsself* in die eerste plek verander in plaas daarvan om ander te probeer verander en in dié proses die Bybel as wapen te gebruik. Snyman (p. 144) wil nie die tradisie ignoreer nie, maar dit juis ook ondergeskik maak aan die

Bybelteks. Die teks self moet die grense van interpretasie bepaal (p. 146). ’n Volgende hoofstuk bied ’n praktykgerigte fokus vir die argument wanneer dit wat reeds aan die orde gestel is, by wyse van ’n voorbeeld geïllustreer word.

Hierna word die argument deurgetrek na wat vir baie die kruks van die hele saak is, naamlik hoe ons die Bybel sien. Snyman betoog dat die tradisionele Gereformeerde denke Skrifbeskouing en teksbeskouing laat saamval het. In die lig van ontdekkings en ontwikkelings op die gebied van taal- en literatuurwetenskap, veral in die twintigste eeu, het hierdie onderskeid ondraaglik geword (die “vrou in die kerk”-debat illustreer dit uitstekend – HJMvD). Die Gereformeerde teologie waarin die teks nog altyd sentraal staan, staan hier voor ’n geweldige uitdaging. Die teks behels, soos Snyman se argument aantoon, oneindig meer as blote kennis van Hebreeuse en Griekse grammatika.

Snyman se slotwoord (p. 179 e.v.) gee vervolgens ’n goeie opsomming van sy volledige argument, weereens met verwysing na voorbeelde uit die breër Suid-Afrikaanse konteks wat reeds aan die orde gestel is. Snyman het ’n ryk teks geskep waarin sy sentrale argument die hele teks deursuur. Die Bybel behoort anders gelees te word met genoegsame aandag aan die subjektiewe rol wat die leser in die leesproses speel, en ook met die verantwoordelikheid wat die eie lees ten opsigte van “die ander” meebring. Die argument het voorts ’n soliede teoretiese onderbou en sal oppervlakkige (lees: oningeligte) kritiek maklik kan deurstaan. Soos in enige argument is daar minder oortuigende dele, waarvan enkeles reeds hierbo uitgelig is. Enkele verdere voorbeelde sluit die volgende in: die saak van intertekstualiteit (p. 49), watter waardesisteem lê die “etiese moment” (p. 132) ten grondslag en tot watter mate is hierdie waardesisteem kultureel-bepaald. Daar is ook kleiner sake rakende interpretasie, byvoorbeeld die lees van Matteus in die lig van die reëls van die Qumran-gemeenskap (p. 124) en die opmerking dat geen boek in die Ou Testament deur een skrywer geskryf is nie (p. 169 – die boeke Rut en Jona sou wel in so ’n groep kon val).

Die taal en teks is werklik baie keurig versorg en die bronverwysings en bibliografie is, benewens die wetenskaplike waarde daarvan, ook handige instrumente vir persone wat verder wil lees. Die werk van Van Niekerk (2006) (p. 84) is nie in die bibliografie opgeneem nie, terwyl die datum van Van Huyssteen se werk nie konsekwent weergegee word nie.

Hierdie boek verdien om gelees en bespreek te word. Hopelik sal die bespreking verder strek as die blote opstelling van antitetiese stellings. Om dit te voorkom, word twee lesings voorgestel: die eerste om die sentrale argument te volg en die tweede om dan daardie argument ook op die lees van hierdie teks van toepassing te maak! Binne die Gereformeerde kring, asook in die breër Afrikaanse kerklike gemeenskap is hierdie ’n baie noodsaaklike en tydige boek. Dit moet gelees word.

# Die wetenskap se stryd teen onkunde

**Claassen, George.** 2007. **Geloof, bygeloof en ander wensdenkery: perspektiewe op ontdekkings en irrasionaliteite.** Pretoria: Protea Boekhuis. 310 p. Prys: R180,00. ISBN: 978-1-86919-144-3.

**Resensent**: H. Goede
Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

George Claassen is ’n bekroonde joernalis oor die wetenskap. Hy is bekend vir sy stryd teen onkunde, geloof en bygeloof onder veral Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika. Claassen is die stigter van Skepties Suid-Afrika, ’n organisasie vir mense met ’n skeptiese lewensingesteldheid wat aansprake met die basiese wetenskaplike metodes van waarneming, onafhanklike toetsing, rasionele deduksie en verifikasie by wyse van oorvloedige getuienis wil toets. Claassen was tussen 2001 en 2006 die wetenskapsredakteur van die Kaapse koerant *Die Burger* en ook skrywer van die rubriek, *Wetenskap vandag*. Die doel van die rubriek is om ’n oorsig oor ontwikkelings in die wetenskap te bied. Lesers word ook tot nuwe denke en die verskuiwing van bekende denkpatrone uitgelok deur die blootlegging van pseudowetenskaplike denke. Die doel van hierdie bundel is “om die temas wat in die rubrieke aan die bod gekom het, wyer as net in die Wes-Kaapse verspreidingsgebied van *Die Burger* bekend te stel, maar meer uitgebreid wat temas en materiaal betref” (p.14).

Hierdie bundel bevat ’n voorwoord en vier afdelings wat onderskeidelik oor die evolusieteorie, pseudowetenskaplikheid, tyd en wetenskapsbeoefening handel. Die voorwoord verwoord die skrywer se vooronderstellings in ondubbelsinnige terme: ’n onwankelbare ge-

loof in die mag van die wetenskap om die mens se kennis te verbreed en die mens van onkunde, godsdienstige aansprake, geloof in enige vorm van godheid en bygeloof te red. ’n Mens moet Claassen komplimenteer vir die deursigtige wyse waarop hy met sy vooronderstellings omgaan. Claassen stel dat die 21e-eeuse mens deur ’n gebrek aan skeptisisme gekenmerk word; dat die mens eerder wegvlug van die rede as om kennis wat wetenskaplik opgedoen is, in sy denkraamwerk te akkommodeer (p. 24). Min mense besit ’n onsinverklikker, naamlik die vermoë om ongegronde aansprake van wetenskaplike kennis te onderskei, of maak geredelik daarvan gebruik.

In die eerste afdeling handel die saamgebundelde rubrieke oor die evolusieteorie en die feit dat dit onversoenbaar is met tradisionele godsdiensgebaseerde beskouings oor die herkoms van die aarde en die mens. Dat die 21e-eeuse mens inderdaad maklik bog vir soetkoek opeet, ly geen twyfel nie. Die lys voorbeelde van pseudowetenskaplike misleiding op p. 23 laat ’n mens oorbluf. Kan mense werklik opreg in hierdie dinge glo? Claassen se pleidooi dat *Lewensoriëntering* as skoolvak “’n goeie dosis dink-vir-jouselfopleiding” moet insluit, sal hopelik nie op dowe ore val nie (p. 54). Ook Claassen se stelling dat oningeligtheid tot godsdienstige fundamentalisme lei, is moeilik te bevraagteken (p. 35).

Die tweede afdeling bevat rubrieke oor pseudowetenskap en die kenmerke daarvan. Hierdie afdeling is nuttig omdat dit vir elke wetenskaplike en inderdaad elke mens wat ’n skeptiese lewensingesteldheid het, noodsaaklike leesstof is. Daarsonder kan ’n mens eenvoudig nie krities na die wêreld kyk nie. Die weergee van Shermer se grensopsporingstelsel om tussen normale wetenskap, grensgevalwetenskap en nie-wetenskap te onderskei, is nuttig (p. 195-196). Tog openbaar die stelsel ’n vooroordeel ten gunste van die natuurwetenskappe wat duidelik die skrywer se vooronderstellings weerspieël. Die derde afdeling handel oor die konsep van tyd en die relatiwiteit daarvan. Die outeur slaag daarin om hierdie relatiwiteit op insiggewende wyse oor te dra en die mens se beheptheid met sy eie tyd en geskiedenis daarteenoor te stel. Die vierde afdeling ondersoek die invloed van die postmodernisme veral op die geesteswetenskappe en die gevolglik groeiende kloof tussen natuur- en geesteswetenskappe. Claassen betoog vir ’n streng rasionele wetenskapsbeoefening wat per definisie die bonatuurlike en irrasionele uitsluit. Volgens hom is wetenskap die enigste oplossing om verklarings te bied vir dinge wat ons nie verstaan nie. Vir ware

wetenskapsbeoefening bly bewyse die ononderhandelbare vereiste (p. 252)!

Die bundel bevat baie wat dit aanbevelenswaardig maak: die rol van die media, veral televisie, in die kweek van mense se wetenskaplike onkunde; die bydrae van die media tot die afname in leesvaardigheid en koerantlesersgetalle; die noodsaak van kritiese denke deur middel van onsinverklikkers; die verskil tussen wetenskap en pseudowetenskap; die invloed van leidende wetenskaplikes soos Albert Einstein; en die feit dat ’n mens net met gesag oor ’n onderwerp kan praat as jy ’n kenner is – dat die skoenmaker hom eerder by sy lees moet hou. Aan die negatiewe kant bevat die boek baie herhaling van aanhalings en verwysings na skrywers en hulle werke, moontlik omdat dit ’n bundel koerantrubrieke is. Miskien sou dit deur meer deurdagte redaksiewerk vermy kon word. My grootste kritiek teen die boek is egter die feit dat die skrywer se eie vooronderstellings oorheers ten koste van die leesbaarheid en genot van baie insiggewende verslaggewing. Volgens hulle webtuiste, stel Skepties Suid-Afrika in navolging van Baruch de Spinoza die volgende as een van sy doelwitte: “I have made a ceaseless effort not to ridicule, not to bewail, not to scorn human actions, but to understand them.” Hierdie boek getuig ongelukkig nie van ’n poging om te verstaan nie, maar eerder van die beperking van die mens en sy belewenis van die werklikheid. Die boek beklemtoon dit wat die mens wetenskaplik kan waarneem en sluit enige werklikheid uit wat moontlik buite die wetenskaplike waarnemingsvermoë van die mens mag bestaan. So ’n benadering is eintlik niks anders nie as geloof in die wetenskaplike vermoëns van die mens alleen. Dit ten spyt, moedig ek alle wetenskaplikes, gelowig en ongelowig, met vrymoedigheid aan om die boek te lees. Onthou egter om u onsinverklikker aan te skakel!

# Sodat jongmense meer oor die Afrikanergeskiedenis kan leer

**Grobler, Jackie.** 2007**. Uitdaging en antwoord: 'n vars perspektief op die evolusie van die Afrikaners.** Pretoria: Grourie Entrepreneurs. 232 p. Prys: R80,00. ISBN: 978-0-620-39967-8.

**Resensent**: K. du Pisani
Skool vir Sosiale en Owerheidstudies,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

"De la Rey, de la Rey", Bok van Blerk se liedjie en die reaksie wat dit uitgelok het, weerspieël 'n nostalgiese en geromantiseerde blik op die Afrikaner se heldeverlede. Maar ken die jeug, wat so geesdriftig die woorde van die populêre liedjie saamgesing het, nog die feite van daardie verlede?

Hierdie boek deur Jackie Grobler, historikus aan die Universiteit van Pretoria, bestaan uit 'n inleiding en tien hoofstukke, wat 'n oorsigtelike geskiedenis van die Afrikanergemeenskap in Suid-Afrika bevat. Die skryf van die teks is volgens die skrywer enersyds geïnspireer deur die huidige inisiatief van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns om die miskenning van die Afrikanergeskiedenis in skoolhandboeke reg te stel, en andersyds deur sy eie ondervinding in die Voortrekkerbeweging van die Afrikaanse jeug se gebrek aan kennis van die geskiedenis. Sy doel was om 'n bondige geskiedenis van die Afrikaner daar te stel, wat gerig is op jeugdige lesers (p. v).

In die eerste hoofstuk word 'n oorsig gegee van gebeure en kragte wat oor die eeue op die Afrikanersamelewing ingewerk het. Die res van die hoofstukke volg min of meer kronologies op mekaar. Hulle handel oor die volksplanting, die invloed van die koms van die Britse koloniseerders op die Afrikanerbevolking, die Groot Trek, die Afrikaners in die Boererepublieke en die Britse kolonies in die tweede helfte van die negentiende eeu, die Anglo-Boereoorlog, die Afrikaner se verwerwing van politieke mag in die eerste helfte van die twintigste eeu, die Afrikaner en apartheid, en die Afrikaner gedurende die tydperk ná apartheid. Die enigste hoofstuk wat van die patroon afwyk, is Hoofstuk 9, waar die bydraes van Afrikaners op ekonomiese en veral die kulturele terrein behandel word.

Hierdie teks is hoofsaaklik ’n seleksie en kompilasie van bestaande kennis oor die Afrikanergeskiedenis, aangevul met kontemporêre kommentaar. Geen oorspronklike primêre navorsing is gedoen nie, hoewel die skrywer natuurlik van sy spesialiskennis oor onderwerpe, waaroor hy voorheen boeke en artikels geskryf het, gebruik kon maak.

In die voorwoord praat prof. Piet Strauss van ’n “nuwe perspektief” op die Afrikanergeskiedenis (p. iv). Na my mening word nie aan hierdie aanspraak voldoen nie, aangesien die werk uit ’n redelik tradisionele Afrikanernasionalistiese perspektief geskryf is. Dat dit, soos in die eerste bladsye aangedui, met empatie vanuit Afrikanergeledere benader is, is waar, maar die trant is gelukkig nie oormatig subjektief nie.

’n Leser sou kon argumenteer dat die sienings hier en daar effens stereotiep is en selfs dat effens verouderde Afrikanernasionalistiese sienings soms redelik kritiekloos weergegee word. Voorbeelde hiervan is die deel oor die “volke van die Ystertydperk” (p. 9-13), wat baie ooreenstem met die soort sienings wat destyds ten grondslag van die tuislandbeleid gelê het, en die deel oor die hensoppers en joiners tydens die Anglo-Boereoorlog (p. 122-123), waar weliswaar kennis geneem word van ’n andersdenkende seksie van die Afrikanerdom, maar nie die dieperliggende motivering vir hulle optrede weergee nie. Hier en daar word die tradisionele Afrikanernasionalistiese beskouings uit die apartheidstyd weliswaar ontmitologiseer, soos in die afdeling oor Slagtersnek (p. 47-48), maar in ander gevalle, byvoorbeeld die weergawe van die inhoud van die 1838-gelofte (p. 64), word dit weer nie gedoen nie. Verouderde Afrikanernasionalistiese terminologie word ook in sommige gevalle gebruik. Daar word na die “rowerbendes” van die San verwys, terwyl hulle genadelose jagters eerder “boerekommando’s” as “moordbendes” genoem word (p. 37).

Alles in ag geneem, stem ek saam met prof. Strauss se siening dat die werk nugter en geloofwaardig is en nie op propaganda berus nie (p. iv). Daar is ’n goeie balans tussen verering van die Afrikanerhelde uit die verlede en ’n kritiese ingesteldheid ten opsigte van die foute wat deur Afrikanerleiers gemaak is.

Die bronnelys getuig dat die skrywer uit ’n goeie seleksie van die Afrikaans- en Engelstalige standaardwerke oor die Afrikanergeskiedenis geput het, hoewel enkele name van belangrike historici (bv. D.W. Krüger en M.C.E. van Schoor) ontbreek. Na my mening kan dit dalk nuttig wees om aan die einde van elke hoofstuk na die

vernaamste bronne oor die bepaalde tema van daardie hoofstuk te verwys.

Die kwaliteit van die foto-illustrasies is nie altyd na wense nie. Dit is ook ’n leemte dat geen kaarte waardeur die historiese gebeure geografies gelokaliseer kan word, ingesluit is nie. Kaarte sal veral vir jeugdige lesers ’n groot hulpbron wees.

Onder die grootste pluspunte van hierdie teks tel die verteerbaarheid en leesbaarheid daarvan.

Die outeur benadruk dat sy boek bedoel is as ’n alternatief vir swaarder akademiese tekste (p. v). Inderdaad word die feitelike inhoud op die man af en sonder omslagtigheid aangebied. Basiese feite oor die sleutelgebeure in die geskiedenis van die Afrikaner word verskaf. Die teks bied egter meer as ’n blote aframmeling van droë kroniekagtige feite. Die outeur se eiesoortige interpretasie van die feite word vaardig en feitlik onopsigtelik aangebied. In die inleiding word byvoorbeeld ’n paar interessante hipoteses gestel (p. v-vi). Terminologiese verskille tussen historici, byvoorbeeld oor die naam van die oorlog van 1899 tot 1902 (p. 109), word glashelder verduidelik.

Soos in enige seleksie van historiese gegewens kan hier ook enkele weglatings aangedui word. Daar word byvoorbeeld baie min geskryf oor die impak van verstedeliking op die Afrikaner in die twintigste eeu, asook oor klasseverskille in die stad en op die platteland (hoofstuk 7). Daar is ook nie veel oor die rol van die Afrikaanse kerke en ’n organisasie soos die Afrikaner-Broederbond in die apartheidsera nie (hoofstuk 8). Die belangrike rol van die Afrikaanse perswese kom ook nie heeltemal tot sy reg nie (hoofstuk 9). Hoewel die uitdruklike doel is om ’n oorsig van die geskiedenis eerder as diepgaande ontledings te bied, is sekere afdelings myns insiens te oorsigtelik. So byvoorbeeld word net twee kort paragrawe gewy aan die gevolge van die Anglo-Boereoorlog (p. 135) en slegs vier reëls aan die impak van apartheid op die Afrikaner self (p. 196). Ek meen ook nie die blote opgawe van ’n “lang lys” name van Afrikaanse skrywers (p. 203) en ander soortgelyke lyste in die teks, is besonder sinvol nie.

Die taal en styl is vloeiend en leesbaar. Duidelik is ’n gesoute geskiedskrywer aan die woord. Dat daar geen voetnote is nie, is in hierdie geval heeltemal regverdigbaar, omdat dit die teks nog meer lesersvriendelik maak.

Voldoen die boek aan ’n behoefte en slaag dit uiteindelik in sy doel? Hierop kan positief geantwoord word. Daar is onteenseglik ’n behoefte aan ’n opgedateerde oorsigtelike werk oor die geskiedenis van die Afrikaner, veral vir die jong geslag Afrikaners wat nie meer in die skool en by die huis veel inligting hieroor kry nie. Hierdie boek is inderdaad meer toeganklik en bekostigbaar vir hierdie teikengroep as enige ander teks wat tans in die handel beskikbaar is.

Vir jonger lesers, maar ook vir almal wat Afrikaans kan lees, verskaf hierdie boek ’n handige naslaanwerk vir vinnige verwysing. Veral die alfabetiese register aan die einde is besonder gerieflik om vinnig inligting oor persone en gebeure uit die Afrikanergeskiedenis te bekom.

’n Mens wonder hoeveel jongmense nog werklik geskiedenisboeke lees. Moontlik sal dit loon om aan die internet- en selfoongeslag van vandag hierdie waardevolle gegewens oor die Afrikanergeskiedenis in ’n elektroniese formaat beskikbaar te stel.

# Meditasies: ’n tydlose gids vir die lewe

**Aurelius, Marcus.** 2007**. Meditasies. Vertaal deur F. Bredenkamp.** Pretoria: Protea Boekhuis. 196 p. Prys: R150,00.
ISBN: 978-1-86919-100-9.

**Resensent**: F.P. Retief
Departement Engels & Klassieke Tale,
Universiteit van die Vrystaat

In hierdie publikasie is die klassieke werk van keiser Marcus Aurelius deur François Bredenkamp uit die oorspronklike Grieks in Afrikaans vertaal. As erkende klassikus lewer Bredenkamp hiermee ’n besondere bydrae aan die Afrikaanse publiek – ’n leserskring wat na my mening nie slegs klassici sal insluit nie, maar ’n veel wyer groepering wat soek na die sin van die lewe. Marcus Aurelius se kostelike prakties-filosofiese sienings en advies is in die twintigste eeu nog net so relevant as bykans twee millennia gelede toe dit geskryf is. Dat hierdie vrug van klassieke Westerse denke vandag nog oor kultuurgrense heen inslag vind, word bevestig deur ’n onlangse berig in *Time* dat *Meditasies* tans vyfde op China se populêre boekverkopelys verskyn.

’n Uitstekende samevatting van Marcus Aurelius se lewe is as “Nawoord” in die publikasie opgeneem. Ten einde *Meditasies* ten volle te verstaan, is dit inderdaad belangrik dat ’n mens die skrywer as persoon sal ken. Hy is beskryf as die laaste van die “5 goeie keisers”, en het geleef toe die Keiserryk en Pax Romana ’n hoogtepunt bereik het. As begaafde heerser het hy die naaste gekom aan Plato se ideaal dat ’n goeie heerser ook ’n filosoof sal wees. Uitstekend opgevoed, het hy ’n besondere aanvoeling vir die filosofie gehad en sy uitkyk op die lewe was op die Stoïsynse filosofie gebaseer. Nooit fisies robuust nie, het hy tog volledig aan sport deelgeneem. Vreemd vir die aristokrasie van sy tyd, het hy egter aan perdewedrenne en bloedsport in die arenas geen erg gehad nie. Vir sy tyd en amp was hy ’n besonder verdraagsame mens. Dit was vryelik geskimp dat sy vrou, Faustina, dikwels aan hom ontrou was en dat sy erfgenaam, die nuttelose Commodus, inderdaad deur ’n gladiator verwek is. Hieraan het hy hom nie gesteur nie en persone wat van tyd tot tyd teen hom in opstand gekom het, is gewoonlik begenadig. Vanuit sy kinderjare het hy aan ’n kroniese siekte gely (moontlik tuberkulose van die bors- en buikholte) en is lank met daaglikse teriak (sg. universele teengif en tonikum) behandel. Hierdie middel het opium bevat, maar die teorie dat sy besonder redelike lewensuitkyk deels aan dwelmverslawing toegeskryf moet word, kan met sekerheid verwerp word. Marcus Aurelius was minstens die laaste dekade van sy lewe deurlopend op die noordoostelike grens van die Ryk in oorloë betrokke. Dit is hier waar hy sy *Meditasies* geskryf het. Hy het op 58 aan die grens gesterf, waarskynlik aan die epidemiese siekte wat sedert 166 n.C. die Romeinse Ryk intermitterend geteister het. Bredenkamp noem dat dit builepes was, maar ek meen die meer algemene vermoede is pokkies. Die eerste builepesepidemie van die antieke tyd was waarskynlik die sogenaamde “Pes van Justinianus”, in 6 n.C.

Die *Meditasies*, met die aanvanklike newetitel *Aan Myself*, bestaan uit twaalf boeke. Die eerste boek is gewy aan huldeblyke vir persone wat by sy opvoeding betrokke was – sy ouers, leermeesters, vriende en selfs die gode wat hom begenadig het. Die ander boeke behandel nie spesifieke onderwerpe nie, maar gee sy siening oor hoe ’n opgevoede, gebalanseerde mens die lewe moet benader – gebaseer op sy Stoïsynse lewensfilosofie. Hy lewer nie sedepreke of teoretiese filosofiese beredenerings nie. Die onderskeie boeke bestaan uit 16-75 paragrawe wat telkens ’n praktiese probleem aanroer of ’n stelling ondersoek. Dit hanteer interpersoonlike situasies uit die daaglikse lewe en die individu se verantwoordelikheid tot die breë gemeenskap, maar ook sy plek in die kosmos en sy

verhouding tot die gode. Nooit beterweterig nie, verkondig hy beskeidenheid, verdraagsaamheid, berusting in die onvermydelike en aanvaarding van die realiteit van verganklikheid. Tydens Marcus Aurelius se regering was daar by twee geleenthede strawwe vervolging van die Christene, maar daar is geen getuienis dat die keiser hierdie vervolging goedgekeur het nie. In die *Meditasies* word na die Christendom slegs sydelings verwys – oënskynlik was dit by hom nie 'n prioriteitsaak nie. Inderdaad voel sommige kenners dat Aurelius selfs 'n oorgangsdenkwyse verteenwoordig het. In plaas van die Stoïsynse selfversekering was daar sprake van Christendeugde soos nederigheid en versoening.

Hierdie merkwaardige boek moet nie in een sessie deurgewerk word nie. Vir optimale impak en maksimale genot moet dit eerder stelselmatig en met verdrag gelees word. Dit is inderdaad 'n tydlose handleiding vir die lewe – dalk is die ideale plek daarvoor die kassie langs die bed vanwaar dit van tyd tot tyd nadergetrek en gepaste gedeeltes bestudeer kan word.

# Die boodskap van die beelde

**Jordaan, Tiaan.** 2006. **Openbaring vandag: die boodskap agter die beelde.** Wellington: Lux Verbi.BM. 303 p. Prys: R99,95. ISBN: 978-0-7963-0516-9.

**Resensent**: W.C. Vergeer
Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Dit is 'n bekende feit dat gelowiges in tye van beproewing hulle toevlug tot die boek Openbaring neem. Openbaring se beskrywing van die gebeure van die eindtyd, wat uitloop op die uiteindelike finale deurbraak van die koninkryk van God met die terugkoms van Jesus Christus, bied aan gelowiges perspektief en hoop in die moeilike omstandighede waarin hulle hulle mag bevind.

Dit is in hierdie konteks dat 'n hele rits Afrikaanse publikasies oor die boek Openbaring die afgelope tyd verskyn het. Hieronder tel Attie Barnard se *Fokus op meer as 100 vrae oor die eindtyd* (2006, Lux Verbi.BM) en die onlangs bekroonde publikasie van Jan du Rand, *Die A-Z van Openbaring* (2008, CUM). Tiaan Jordaan se *Openbaring vandag* het egter 'n unieke aanpak, daarin dat dit veral fokus op die beelde wat in Openbaring gebruik word. Die doel is om deur die verklaring van die beelde, Openbaring se "baadjie van vreemd-

heid" uit te trek en die boodskap bloot te lê, vandaar die subtitel: *Die boodskap agter die beelde* (wat moontlike beter as *Die boodskap van die beelde* weergegee kon word).

Die publikasie gebruik nie 'n vers-vir-versverklaring as metode nie, maar bestudeer en verklaar die eenheidsmotiewe in al 22 hoofstukke van Openbaring. Hiervoor wend die skrywer drie sleutels aan. In sy eie woorde: "Die oorspronklike historiese situasie as klankbord; die Ou Testament en profetiese tradisie oor die Messias as klankbaan en die simboliek in die beeldprente as klankversterker."

Die leser word op 'n interaktiewe basis in die verklaring betrek deur bepaalde "oefeninge" wat self voltooi kan word, verrykingsblokke, oordenkings, opsommings en vrae. Die skrywer openbaar uitstekende woord- en taalvaardigheid en slaag met sy ongekompliseerde, boeiende en aktuele styl daarin om 'n aangename leeservaring te bied. Die publikasie is in alle opsigte keurig versorg. Die bruikbaarheid van die boek word verder verhoog deur intelligente bladuitleg, 'n bronnelys en indekse van die belangrikste beelde in Openbaring en die behandelde Skrifgedeeltes.

Jordaan se *Openbaring vandag* is 'n goeie wegspring vir persone wat meer oor die boek Openbaring wil weet, maar wat nie formeel teologiese opleiding ondergaan het nie. Die verklaring van Openbaring se raaiselagtige beelde wat gebied word, word wel populêr en eietyds verwoord, maar steun telkens op gesonde verklaringsbeginsels en deeglike navorsing. Terselfdertyd, soos die skrywer self in die voorwoord erken, sal nie almal altyd met alle verklarings wat gebied word, saamstem nie. Daarvoor is die simboliese beelde en taal van Openbaring inderdaad te ryk.

Gevorderde Bybelstudente of lesers wat teologies geskool is, mag dalk in sommige gevalle 'n bietjie meer verwag. Jordaan gaan byvoorbeeld nie in op die grammatikale nuanses of besonderhede van die Griekse teks van Openbaring nie. In sy bespreking van die verskillende beelde verwys hy ook nie na 'n wye verskeidenheid verstaansmoontlikhede, of tree met hulle in debat nie. Deur egter getrou te bly aan die drie sleutels wat hy vir die interpretasie van Openbaring geïdentifiseer het, bring Jordaan deurgaans sy lesers by 'n verklaring van die betrokke beeld wat in die lig van die Skrif en sosio-historiese konteks verantwoord kan word.

Ook Jordaan se hermeneuse moet as geslaagd en geldig beskou word. Die toepassing van die betekenis van die geïdentifiseerde boodskap vir vandag (soos die titel *Openbaring vandag* beloof) word

nie nagelaat nie. Dit loop egter nie uit op wilde spekulasie of datumvoorspellings (soos soms in die toepassing van Openbaring voorkom) nie. Veeleer is daar 'n konsekwente deurtrek van die openbaringshistoriese lyne van die hele Skrif, via die konteks van die eerste lesers/hoorders van Openbaring, na die gelowige wat vandag lewe. Opmerklik is ook dat Jordaan, in sy toepassing van die boodskap van Openbaring, groot klem plaas op die gelowige wat in die eindtyd lewe se persoonlike geloofsverhouding met God deur Jesus Christus.

Dit is ook duidelik dat Jordaan se verklaring en toepassing van Openbaring vanuit 'n gereformeerde paradigma geskied. Hiervan getuig nie alleen sy metodologie nie, maar deurgaans sluit sy bevindings ook aan by, of bevestig op 'n besondere wyse, die waarhede wat in die Drie formuliere van eenheid bely word.

Die publikasie word dus van harte aanbeveel – nie maar net om eenmalig gelees te word nie, maar ook om vir baie jare as waardevolle en bruikbare naslaanbron in gelowiges se boekrakke diens te doen.